Project Reference: 720.19136.00010

File Ref. 2021-09-09_South32 Wessels Railway Extension_BAR Notification_Final_Afrikaans

9 September 2021

**BELANGSTELLENDE EN GEAFFEKTEERDE PARTYE**

Geagte heer/dame

## VOORGESTELDE UITBREIDING VAN DIE SPOORINFRASTRUKTUUR BY DIE WESSELS-MYN, NOORDKAAP: BESKIKBAARHEID VAN DIE BASIESE ASSESSERINGSVERSLAG VIR OORSIG EN KOMMENTAAR

Ons vorige korrespondensie (gedateer 1 Julie 2021) met betrekking tot die bogemelde projek verwys.

Hierdie skrywe verskaf inligting oor die beskikbaarheid vir kommentaar van ’n Basiese Assesseringsverslag (BAV) wat vir die bogemelde voorgestelde projek saamgestel is.

Kennisgewing geskied hiermee kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet Nr. 107 van 1998; NEMA) en die Regulasies Insake Omgewingsimpakassessering (OIA), 2014 (soos gewysig) dat die BAV wat vir die Voorgestelde Uitbreiding van die Spoorinfrastruktuur by die Wessels-myn, Noordkaap, saamgestel is, vir ’n tydperk van openbare oorsig en kommentaar vanaf 10 September – 11 Oktober 2021 beskikbaar gestel is. ’n Afskrif van die BAV en Nietegniese Opsomming (NTO) is toeganklik op die volgende SLR-webwerwe:

- www.slrconsulting.com/public-documents/ ; en
- https://slrpublicdocs.datafree.co/public-documents (datavrye webwerf).

Enige kommentaar op die BAV en NTO moet na SLR by die adres, telefoon of e-posadres hieronder gestuur word. Om kommentaar by die hersiene BAV in te sluit, moet die kommentaar SLR teen **nie later nie as 11 Oktober 2021** bereik.

**SLR Consulting (South Africa) (Pty) Ltd**
Aandag: Mev. Rizqah Baker
Posadres: Posbus 1596, Cramerview, 2060*
Tel.: (011) 467 0945
E-pos: rbaker@slrconsulting.com
*Let wel: As u gewone pos gebruik, kontak ons asseblief ook telefonies om ons van u voorlegging in kennis te stel.

Indien u enige navrae in hierdie verband het of addisionele inligting verlang, moet asseblief nie huiwer om die ondergetekende te kontak nie.

Die uwe

R Baker
_______________________________________

Rizqah Baker
**Omgewingskonsultant**
**SLR CONSULTING (SOUTH AFRICA) (PTY) LTD**